



KLYN BEGIN--ANHOU WIE.

DEEL II. No. 1.]

MAART, 1897.

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

"ONS KLYNTJE" SYN FERJAARSGROET.

"ONS KLYNTJE" SYN TWEDDE JAAR—(Gedig)

DI KONINGIN VAN SKEBA.—Twede deel.—VIII. Besoek
an Salomo syn Palys.—IX. 'n Rit na Salomo syn
Tuine en Fywers

HOE EK VERLANG NA "ONS KLYNTJE"—(Gedig)

DI ROOSKNOPPI (Slot)

O'ER DI STORI VAN DI ROOSKNOPPI—(Gedig)

DI MYSTIS VAN ONS TYD—(Gedig)

PORTRET VAN LEDE VAN DI TAALKONGRES

PLATJIS O'ER DI NATUUR

PORTRET VAN HOOFDRETER KOTZÉ VAN TRANSVAAL

EENDRAG MAAK MAG—(Gedig)

HASI DEUR SKULPAD GELOP

DI TEREESTELLING VAN JAKHAAS

NUTTIGE RESEPTE—(Gedig)

DI RYS NA JOHANNESBURG

DI YSTEREARK JAG

TWE PORTRETTE VAN ONS NUWE GOUWERNEUR, SIR

ALFRED MILNER

GESELSERY MET ONS LESERS

DI ONDESKYD TUSSEN BEGIN EN YNDE

"ONS KLYNTJE" IN 1897

NUWEJAARSGIFTE

MUSIK. "KLAAGLIED" (uit "Magenta Prinsloo")

M. Glassberg's
PHOTOGRAPHISCHE ATELIERS
te **Paarl en Worcester**
Merkt Plein. Russel Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTE TEGEN ZEER BILLIJKE
PRIJZEN.

OUDE PORTRETTE VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.

SCHILDERIJLVSTEN.

VAN BENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.

SPECIALITEIT: VERGROOTTE PORTRETTE.

ALLE WERK WORDT GEWAARBORCT EIGENHANDIG TE ZIJN.

AFRIKAANSE BOEKE.

Di Afrikaanse Almanak, 1897.—PRYSFERMINDERING fan 1s. tot 6d. en 5s. per dosyn, en dit fer 'n boek fan 126 bladsye, met 6 plate, en alle nuttige infor-
masi, burgerlik, staatkundig en kerkelik.

Genesis in Afrikaans, 9d. per post. Ver 12 exemplaren 7s. 6d., ver 25
exemplare 12s. 6d.

*Di Evangelii van Matteus in Afrikaans vertaal, met gelijkluidende tekste
en antekeninge op moeilike plase.* Prys 1s.

Afrikaans ons Volkstaal, 71 Stellinge verklaard door Ds. S. J. du Toit.
Nu 9d., per post 1s ; 12 ex. voor 10s.

Geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging, 146 bl. Nu 9d. per pos 1s. ;
6 ex. per pos ver 5s.

Di Meer N'Gami en andere Noordelike Streke. Met kaart. Nu per post
6d. ; 12 ex. voor 4s.

Van di Blokhuis na di Withuis. Lewe van President Garfield. Nu per
pos 6d. ; 25 ex. voor 4s.

*Handboek ver Godsdiinsonderwijs, op di Skool, in di Katkesasi, en by di
Huis, deur Ds. S. J. du Toit.* Nu per pos 6d. ; 12 ex. ver 4s. 6d. ; 25 ex. voor
7s. 6d.

Di Geskiedenis van di Hugenate, van 1521 tot 1789, deur Pastor. Nu per pos
6d. ; 6 ex. ver 2s. 6d.

Afrikaanse Gedigte. Eerste Versameling. Derde Druk. Nu per pos
6d. ; 6 ex. ver 5s.

*Samesprake in Afrikaans en Engels, same met 'n Lys van woorde en Uit-
drukings, ver di gebruik van Afrikaners wat wil Engels leer, en Engelse wat
wil Afrikaans leer, deur oom Willem.* Nos. 1, 2 en 3. Nou ver al 3 nommers
per pos 1s. 6d. ; 12 exemplare ver 15s.

Eerste Afrikaanse Prente-Boeki ver Soet Kinders. 72 Bladsye, met 'n
menigte mooi Printjiis en Leesstukkiis. Nou 6d., per pos 9d. ; 6 ex. ver 3s. 9d.

Di Spogduivel. Nou per pos 3d. ; 12 ex. ver 2s. 6d.

*Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge van 1850 to 1853, 1846, 1834 en 1835,
deur P. J. Coetzer, prijs per pos 9d.*

Di Wege des Here met Georgi Muller, prys 6d.

Di Afrikaanse Boer, No. 2, 3 en 4. Bevattende 'n menigte nuttige wenke
en reseppe in belang van di Boerdery in ons land, prys, 3d. stuk.

Di Geskiedenis van ons Land in di Taal van ons Volk. Twede uitgaaf.
(Aangevul tot 1895 en vermeerder met Bylage), prijs 4s. 6d., per pos 5s.

Di Suid Afrikaanse Kook, Koek- en Resepteboek. Sesde druk. Deur Mej.
E. J. Dykman, prys 2s. 6d., per pos 3s.

Verkrijgbaar bij D. F. DU TOIT & Co., Beperk, Paarl.

palys op di wêreld. Deur 'n dubbele, fersterkte poort kom 'n mens eers in 'n grote, ope binnehof; met marmer fan ferskillende kleure is di floor en di binnesy fan di mure daarfan beleg. In di middel was 'n pragtige fontyn en marmere fywer, met allehande waterplante en waterdire en fisse, en buiteom pragtige bome en plante, met fogels en ape en andere dire. Dit was 'n deel fan di koning syn studi en liifhebbery.

Teeno'er di buitepoort is an di anderkant fan di binnehof 'n o'erdekte gewelf met 'n regterstoel fan almuggim hout, waarop di Koning soggens sit om regsake te beslis en gewone gesantskappe te ontfang. En ferder, deur 'n twede poort, reguit in diselfde rigting is di beroemde Libanon Palys, met 'n yge binnehof en kamers rondom, waarin syn froue woon.

An di linkerhand fan di eerste binnehof gaan 'n poort uit na di Palys fan Hanes, di Egiptise Prinses, en an di regterhand gaan weer 'n poort uit na di derde Palys, waar syn bywywe woon, en di was nog ni heeltmal klaar ni.

Di Koning had bepaal om di Koningin fan Skeb^a te ontfang in di binnehof fan di Libanon Palys, di pragtigste hof in al di Palyse, waar hy di hoogste forste ontfang en waar syn troon staan. Di binnehof of troonsaal is 100 elle [150 foet] lank en 50 elle [75 foet] breed, en 30 elle [45 foet] hoog, en rus an al 4 kante op pilare fan di sedere fan Libanon, an elkeen fan di 4 kante was 45, in 3 rye fan 15 elk, sodat di troonsaal gedeeltelik ope is in di middel en gedeeltelik o'erdek met 'n brede o'erdekte gaandery rondom. Bo op di pilare is fertrekke an 3 kante rondom, met 3 rye festers wat uitkyk na makkaar toe op di binnehof.

Oek hiir is in di midde fan di ope ruimte 'n fontyn en fywer met kristalheldere water, wat Salomo met 'n oneraardse waterlyding fan syn Fywers af breng. Di ope ruimte is oek beleg met marmer, mar so dat oral openinge is ferpragtige bome en plante uit ferskillende lande, en allehande dire daarin. In di middel is di binnehof dus 'n ware Paradijs. Mar di ope gaandery buiteom wat 30 foet breed is rondom, di is fersiir met al wat di wêreld kosbaar en siirliks opbreng. Di toppe fan di sedere pilare is fan bo uitgewerk nes bome wat nog in di groei is, en di

mooiste soorte fan klimop rank an di pilare op, an elke pilaar 'n andere soort. Rondom uit di gaandery gaan deure na andere fertrekke.

Teeno'er di ingang waar 'n mens in di binnehof kom is 'n ope gewelf, rustende op marmere pilare, met silwer foetstukke, goue kopstukke, en fan bo heme!blou. In di middel fan di gewelf staan Salomo syn troon. Weerskante uit di muur kom 'n frisse springbron fan heldere water, wat in twe grote goue komme loop en daarfandaan o'erloop met pype na di middelste fywer. Di hele gaandery had 'n silwere lyswerk fan onder en 'n goue lyswerk fan bo rondom. Mar di gewelf waar di troon staan is geheel fan marmer met goud uitgeblom.

Di troon self is fan ifoor, met goue fersirings. Dit staan op 'n foetstuk fan 6 trappe, fan kostelike steen en weerskante fan elke trap staan 2 goue leene, as bewakers fan di troon, en op di leunings nog 2 leue. Di stoel self is fan pure goud. As imand di binnehof inkom, dan fal syn oog op di troon en di gewelf, wat blink fan di goud en edelgesteentes soos di son en maan en di sterre an di hemel. Agter di troon in 'n halwe sirkel, soos 'n reenboog, hang di 300 goue pronkskilde, en foor om di fersiirde rand hang di 200 goue pronkskilde wat twemaal so swaar is as di binneste. In di gewelf fan di troonsaal en buitekant om in di o'erdekte gaandery is 'n menigte goue drinkbekers, skottels en ander huisraad wat in di palys ni alleen fergebruik, mar oek fer siraad geplaas is, en 'n rykdom en prag fertoon soos in gen ander palys fan di wêreld te kry is ni.

In al di poorte en ingange fan di palys staan Salomo syn wagte en ryksdinare, altyd opklimmende in hogere rang en fersiir met deftiger kléding.

Toen di Koningin Balkis di oggend Salomo sou besoeke het sy deur haar ministers eers haar persente in orde laat maak. Sy had 100 slawe en 100 slafinne gebreng, almal eenders angetrek en di dra elkeen 'n baar goud en andere kosbare persente, en haar twe ministers wat weerskante fan haar loop dra di een 'n goue kroon met edelgesteentes fersiir en di ander 'n goue septer, en di slawe kom agteran. Elihoref met Osifra en Hanes loop foor haar uit om haar te gely tot by di koning. Sy self was gekleed in 'n pragtige witte gewaad, gestik en opgeskik met hemelsblou en

purpur, ferder was sy fersiir met alle juwele en kostelike gesteente en alle hoofspesery en kostelike reukwerk, sodat dit selfs an di deftige en weelderige hof fan Salomo 'n opspraak was. En algemeen werd haar mooihyd geroem en trek di gelykenis tussen haar en Hanes di an dag.

Toen sy naby di troon kom waarop Salomo sit, omring deur syn raadslide en howelinge, klim hy fan syn troon af en omhels haar hartelik en heet haar welkom. Sy sê toen :—

“ô Koning, leef in eeuighyd ! Di woord was waar wat ek in myn land gehoor het fan uw rykdom en heerlikhyd. En ek het di woorde ni geglo ni, totdat ek self gekom en met myn yge oge gesiin het ni. En kyk, di helfte was my ni angesê ni. Met wyshyd en met rykdom o'ertref u di gerug wat ek gehoor het. Gelukkig is uw manne, ja gelukkig is hiir di knegte fan u wat gedurig foor uw angesig mag staan en uw heerlikhyd siin en uw wyshyd hoor. Geloof sy Jawê, uw God, wat behage in u gehad het, om u op di troon fan Isra'el te set ! Omdat Jawê Isra'el tot in eeuighyd bemin, daarom het Hy u tot koning gemaak, om reg en geregtighyd te doen. Ontfang nou uit di hand fan uw diinsmaag di slawe en di geskenke wat ek fer u gebring het fan myn land af as 'n teken fan agting en respek.”

Sy neem toen met haar yge hand di kroon en di septer uit di hande fan haar ministers en gé dit in di hande fan Salomo ; en hy buig en neem dit an en gé dit an syn ministers om dit op syn troon te set. Daarop sprak hy haar aldus an :—

“ô Koningin fan Skeba ! Uw besoek maak fandag er my tot di gelukkigste dag fan myn lêwe. Fan alle forstelike gesante uit alle lande was gen een my so angenaam as di fan u. Dikwils het ek ferlang om di Koningin te siin fan di ryke goudland, fanwaar ek sofeul rykdomme ontfang het. Di kroon op myn hoof is fan fyne goud uit uw land. Di edelgesteentes wat myn kroon fersiir is uit uw land. Di ifoor en goud, di goue skilde en al di goue gereedskeppes is uit uw land. Di wiroom wat in di tempel fan Jawê brand en di goud wat di tempel fersiir, is uit uw land. Driewerf welkom, Koningin fan di Suide ! Ek het net een begeerte : maak al uw wense an my bekend, en al uw begeertes sal geskide en wat uw hart ferlang sal

gebeur. Nou het ek een fersoek : dat u agtermiddag met my uitry na myn tuine en fywers en morge aand met my eet an myn tafel.”

“Uw woord is wet, ô Koning !” antwoordt di Koningin met 'n buig.

Daarop gaan Salomo met syn ministers en di Koningin fan Skeba met haar ministers en Elihoref met Osifra en Hanes in een fan di sy-kamers, terwyl di hofbeampte en dinare di geskenke uit di hand fan di slawe ontfang en berg.

Hiir was 'n rusplek waar ons 'n bitji gesels. Henni was weer di eerste wat sê : “Mar hoor, dan het di oue mense daarom baing goud hiir uit di land uit kom haal.” Ek sê toen : “Ja, laat ons perbeer om 'n bitji dit by benadering te bereken. Eers lees ons dat Salomo syn skippe 420 talente goud gebring het. Wel, sofer as ons weet is 'n talent omtrent £375, want di oue mense het di goud en silwer afgeweeg met di skaal. Dan sou di waarde daarvan gewees hê £157,500. Dan lees ons dat di Koningin fan Skeba fer Salomo persent gebring het 120 talente goud, dis di waarde fan £45,000. En dan weer dat di gewig an goud, wat Salomo elke jaar ingekry het was 666 talente dis £249,750. Reken ferder mar net dat hy 500 skilde fan goud laat maak het, buiten al di goud fan di tempel en fan syn Palyse.”

“Mar dan het hulle al di goud uitgehaal,” sê Henni. “Dis puur ferniit dat di prospekteerders nou al di oue myne naloop en affen en ope grawe.”

“A né, Henni,” sê Neef Gideon, “kyk, het jy dan ni gesiin oral waar hulle di oue myne ope maak kry hulle mos weer di ryke riuwe onder. Kyk di Luipers Rif, onder an di Gwelo, daar het hulle di rif weer gekry op 50 voet diepte en in di grote stukke kwarts kan jy di stukkiis en strepe goed so dik as 'n mes syn rug op tiin tré afstand siin in di kwarts. Né, jong, as ons ni ons skatte hiir kry ni, dan moet ons mar gaan goud grawe ; want hulle sal nog baing goud in di land uithaal.”

“Ja,” sê Neef Hendrik, “eenkeer het di Jode hulle goud hiirfandaan gekry om hulle tempel te bou, en nou gaan hulle terug om hulle tempel te herbou en hulle sal weer hiirfandaan hulle goud moet kry.”

Daarop fal Henni in : “Dis seker daarom wat ek nou al so baing Jode op Bulawayo siin. Mar hoe kom sou di oue mense dan opgehou hê met grawe, as daar nog so baing goud is ?”

“A dit moet di oue rolle ons nog fertel,” sê ek daarop.

“Nou Ja,” sê Henni, “fertaal dan mar fluks op, want ek wil al te graag weet hoe di oue mense hiir in di land gewerk het en hoe dit met hulle gegaan het. Ek wens dat ek Hebreeus ken, dan het ek al lank di oue rolle dwars deur gelees. Dan gaan ek ni slaap foor ek di end het ni.”

“Né, jy moet mar liwers siin om di gat ope te maak en di andere gat oek, dat ons di end fan di berg kan kry. Straks het ons di end fan di rolle foor ons di end fan di berg het—” merk Neef Gideon an.

“Nou ja, net morre moet di gat ope, ek wil weer di fername koningin gaan kyk; ek wil haar nou goed beskou—” sê Henni.

IX. 'N RIT NA SALOMO SYN TUINE EN FYWERS.

Salomo syn Stalle en Pêrde.—'n Gemeensame Rit en Gesprek.—Koninklike Raaisels.—Salomo syn Tuine en Fywers.—In syn fersegelde Fontyn.—'n Ongelukkige Koningin.—Gesprek en Plan tussen Osifra en Hanes.

Di agtermiddag toen dit koel werd sou di Koning Salomo gaan uitry met di Koningin fan Skeba na syn tuine en fywers toe, en hy had las gegé, dat net twe rytuige moet ingespan worde, een fer hom en Balkis en di ander fer Hanes en Osifra.

En Salomo het 4 duisend trekpêrde en 12 duisend rypêrde, want 'n ruitery gaan altoos foor en agter hom as hy gaan uitry. Mar di slag het hy las gegé, om gen ruitery me te neem ni. Di stalle waar al di pêrde gehou worde is in kelders onder di kunsmatige voetstuk of onderbou wat hy gemaak het fer di tempel en di palyse; want di is gebou op twe ronde koppe met 'n kloof tussen in, toen het di koning eers grote mure fan onder laat opbou om sodoende twe grote gelyktes [platforms] te kry waarop di grote geboue kon geset worde. En di ruimte onder in is ni opgevol ni, mar gebou met pilare en ferwulwe, so dat onderin 'n menigte fertrekke is fer stalle en pakkamers en kamers fer bediindes.

Di deftigste pêrde en rytuige afkomstig uit Egipte, 'n persent fan Pinetem, word di agtermiddag ingespan, en Salomo en Balkis klim in di eerste, en Hanes en Osifra in di tweede rytuige, met 'n enkele foorryer, en di koesiirs by elke rytuig.

Salomo syn gewone rytoer twemaal in di week is fan Jerusalem o'er Bethlehem na syn tuine en fywers, wat nog 'n end anderkant lê. Gewoonlik neem dit omtrent 4 uur tyd, fan 9 uur in di agtermiddag af [by ons 3 uur]. Dit is di tyd fan syn ontspanning, en dan neem hy gewoonlik di mees begunstigde fan syn froue by sig in syn rytuig, of een of ander fername staatsamptenaar of freemde gesant met wi

hy fertrouelik wil spreek. Dit is dan oek gewoonlik 'n hêle opspraak an di hof as di Koning een fan syn froue tot di bisondere eer ferwêrdig, en ni selde is dit di oorsaak fan jalousi onder di froue en howelinge. Nataurlik het dit dan oek ni min di andag getrek toen di Koning di Koningin fan Skeba met sig in syn rytuig neem. En di gedagte was al dadelik dat di getal froue weer met een sal fermeerder worde.

Werkelik had di Koning oek nou tyd om met Balkis fertrouelik te gesels. Eers was di gesprek 'n nadere kennismaking o'er en weer, feral fan di lande en folke waaro'er hulle regeer. Salomo had feral baing te fra o'er di land fan Punt, en o'er di befolking en natuurlike gesteldhyd fan di land en feral fan di goudgrawery; want syn gees ondersoek alles en fan di land fan di suide het hy al lang ferlang om meer te weet.

Toen hulle naderhand al meer gemeensaam word begin sy syn wyshyd op di proef te stel met raaisels. Sy sê:—

“ô Koning, ek het sofeul gehoor fan uw wyshyd en ferstand. Ek het gehoor hoe slim u 'n saak beslis het waar twe moeders anspraak maak op een kind. Mar hoe sou u dit nou uitwys as twe kinders as hulle klyn is stilletjiis omgeruil worde en hulle kom dit naderhand as hulle groot is eers agter, dat hulle self en baing andere daardeur bedriig is. Hoe sal hulle di ding dan weer reg kry? As so'n saak nou foor u kom, hoe sou u dit dan uitwys?”

En hiirmé stel sy haar yge gefal, mar in di feronderstelling dat Salomo niks weet fan di gehym fan haar geboorte en di omruiling fan haar en Hanes ni. Met 'n bedenkelike glimlag kyk Salomo haar an en sê: “Deur 'n twede ruil sou ek di eerste ruil fernitig, sodat elkeen weer op syn regte plek kom.”

Di antwoord maak haar dood stil fer 'n rukki, want sy is nou in di middel of Salomo fan di saak weet of ni. Mar Osifra het tog gesê di 'n dipe gehym wat hulle ni mag openbaar ni. Daarom denk sy om hom ferder te pols en sy fraag: “Mar as hulle nou al in ferskillende lêwensbetrekkings en grade fan ferbintenis is, hoe dan?”

Salomo glimlag weer en sê: “Reguit is di kortste pad, onreg kan alleen deur reg herstel worde, ni deur nuwe onreg ni. Daarom wat krom is kan ni reg gemaak worde ni. Mar di regte antwoord hiirop is 'n

wederfraag : Wi is di gelukkigste dogter fan 'n brawe moeder, di wat as 'n angeneemde kind deur haar opgefoed worde as moeder, of haar yge dogter, wat deur andere opgefoed word en naderhand haar yge moeder ansiin fer 'n freemde?"

Hiiruit merk Balkis nou duidelik dat Salomo di gehyme fan haar afkoms weet. Sy perbeer nog enige frage en raaisels, mar telkens merk sy dat sy met hom ni kan uitkom ni; want hy antwoord haar dadelik, mar syn frage kan sy ni beantwoorde ni.

Hulle was nou oek al by Salomo syn tuine an Etam, omtrent 'n myl onderkant Salomo syn fywers. Di tuine leg in 'n noue mar frugbare kloof, di kloof self is beplant met allerhande soorte frugbome en di rante an weerskante is met terrasse of trappe opgebou en oek beplant met wingerde en frugbome. O'eral in di tuin en an di rante is klyne fywers en lushuiis en sitplekke. Salomo klim toen uit met Balkis en Osifra en Hanes en gaan deur di moaste deel fan di lustuine 'n wandeling neem. Enige geurige frugte biid hy di freemde gas an, om dit te feigelyk met di frugte fan haar land. Mar Balkis ferklaar dat in frugbaarhyd, in groei en in geur di frugte fan haar land tog nog di fan Salomo syn tuine o'ertref.

Nadat hulle daar wat ferkwik was ry hulle ferder na Salomo syn grote fywers, waaruit syn tuine bewater worde en oek met 'n o'erdekte waterlyding Jeruzalem, feral syn palyse en tuine om di helling fan Sion en Moria, fan water foorsiin worde. Hiir moes Balkis erken dat Salomo syn bouwerke di fan haar land o'ertref, feral in di reusagtige stene waarmé di Fenisi'ers en Jode hiir bou. Mar daarteeno'er beroem sy sig dat haar land so waterryk is dat dit ni nodig is om sulke fywers en waterlydings te bou ni.

Toen neem Salomo fer haar alleen in syn fersegelde fontyn, bokant di bo'enste fywer. Dis 'n onderaardse fontyn, wat gesluit en fersegel is, sodat di koning alleen dit kan open. 'n Mens daal daarin af met 7 trappe en onder in is 'n kamer 10 elle lang en 5 elle breed. Langes an is nog 'n klynere kamer, alby uitgebou met stene ferwulwe. Di water spring op 4 plekke uit di rotse, fanwaar klyne uitgelegde fore dit bring in 'n uitgemesselde kom of bak. Daarfandaan af loop dit met 'n onderaardse rioel tot in di fywers. Hiir

in di fersegelde fontyn is 'n rusbank waarop Salomo en Balkis wat gaan sit, nadat hy fer haar eers wat fan di heldere, koele water laat drink het uit 'n goue beker, wat sy fer hom persent gestuur het.

Nou ry hulle met 'n meer reguit pad na Jeruzalem. Di son gaan weldra onder en in di frisse aandkoelte ferfolg Salomo en Balkis hulle gesprekke wat algemeensamer word. Mar di rit was di eerste kans wat Osifra en Hanes oek had om alleen met maa'kaar te praat, nadat Osifra di forige aand di gehym fer hulle geopenbaar het. Hanes was regte neerslagtig fan di begin af. Sy het 'n ruk stil gesit, en bars toen uit fan di huil en sê an Osifra :—

"Myn moeder! nou kan ek fer di eerste maal myn hart as kind an jou openbaar, hoewel jy altoos fer my goed was. Mar ek foel tog baing ferdrutig in di laaste tyd. Di koning behandel my tog met so min agting. Kyk, hoe goed was hy freeger fer my en nou fan morgemet di ontfangs an di hof het hy gen notisi fan my geneem ni, en ni 'n enkele woord met my gepraat ni, en nou fan middag met di rit weer netso. Al syn andag is nou weer gewy an Balkis. Né, ek kan ni langer so'n léwe ferdra ni. Wat het ek fan myn léwe? Myn palys is myn tronk, en di koning syn liifde is so ferdeel dat ek daar niks an het ni. Gelukkige frou fan di eenfoudigste boer of werksman, wat mar een frou het, an wi hy al fyn liifde en agting betoon."

Osifra, wat al lank di stemming fan Hanes gesiin het, hoewel sy dit wou wegsteek, sê toen : "Myn kind ek weet wat di gehyme bron is fan jou smart. Jy is ferliif op Elihore en hy op jou. Mar jy is nou eenmaal 'n frou fan di Koning en moet dus jou rang en stand ophou. Perbeer nou mar om dit te ferset en fer jou op te beur."

Na 'n ruk stilte sê Hanes : "Mar, ma, sal daar dan gen kans wees fer my om ooit uit di treurige toesand ferlos te worde ni? Ma weet mos fer alles raad, kan ma dan ni 'n plan maak om my te ferlos ni. Ek is gewillig om met Elihore te ontflug en in di eensaamhyd, al was dit in 'n freemde land, te gaan woon. Sal ons ni kan ontflug na Egipte toe ni?"

"Né, myn kind, ontflug kan 'n Koningin ni. Sy is oral bekend. Mar ek begin an iits anders te denk. Jy en Balkis lyk so eenders as 'n tweling. En dit

dat hy werkelik alles gesê het wat in di briif staan en dat hy by syn folle ferstand was toen hy di briif laat skrywe het, en dit dan te onderteken. Di fersoek staan hulle toe. Daarop seg hy :— “Nou het ek klaar ; en mog di Here myn arme siil! genadig wees.” Dit was di laaste woorde wat hy gepraat het. Hy draai hom toen om met syn gesig na di muur, en binnen 'n half uur was hy reeds ferhuis na di streke fan waar gen rysiger terug kom ni.

Kort hiirna kom William toen foor di Juds. Di hoofgetuige teen hom was syn y'e frind, John. John was fan di skoot wat hy gekry het weer sofer hersteld, dat hy getuigenis kon aflê. Hy trê in di saak op as 'konings-getuige,' en sou di folle waarhyd fertel, al moes hy hom self oek beskuldig. Eers werd di ferklarings fan Harry afgelees. Dit werd bekragtig deur John, wat sê dat hy niks anders kon ferklaar as wat daar staan ni. Op ferskillende frage gé hy toen nog enige bisonderhede wat egter di saak niks ferander ni. 'n Punt fan belang was daarom dat hulle, toen hulle Van Jaarsveld di aand aangerand het almal fals baarde opgehad het. Di baarde het hulle reeds meemale gebruik, dit was meesal in syn besit, en is diselfde wat nou in di hof fertoon word.

Toen kom di ferdediging waarin William be-weer dat Harry en John eerste op hom geskiit het en dat hy hulle twe toen in selfferdediging plat geskiit het. Mar di fli'er wou ni opgaan ni, want dit werd bewese dat daar in di hele kamer di aand ni 'n pistool was ni, behalwe di een wat William gehad het. Hy beken toen naderhand, want hy siin duidelik dat daar fer hom gen kans was ni. Mar toen wou hy perbeer om by di anrandingsaak ferby te kom deur te plyt dat di ander twe ygenlik di anderands was. Daarop werd di jong fan Van Jaarsveld geroep en gefraag as hy di dri manne nou weer by makaar siin of hy sou kon anwys watter een ygenlik di anrander was. Dit beantwoord hy bevestigend. Di adfokaat laat toen fer William di falsbaar opsit, en net soos hy dit opsit sê di jong nog eer hy gefra werd : “Dis hy di, dis hy di ; dis hy wat myn baas angerand en fermoor het, ek kan sweer dis hy.”

En hiermé was di rol afgespeeld. William werd feroordeeld tot 20 jare harde arbyd. Hy het egter ni een jaar uitgediin ni, want hy het op 'n manier, 'n botteltji gif in di hande gekry, hoe weet gen mens ni, en het daarmé 'n ynde an syn sleg lewe gemaak. Mar wi was di dri persone nou ? Nimand anders as William Brown, John Blake en Harry Wilson.

* * * * *

Dis tyd om nou weer na Dani om te kyk. Toen dit bekend werd dat hy onskuldig was, werd hy dadelik ontslaan. Wat was di freugde en blydschap groot toen hy weer in Bettie haar huis

sit, omringd deur syn frinde wat hom almal kom kyk en hom geluk wens. En tog was elkeen by di eerste weersiin met droefhyd verful, want Dani lyk glad ni meer na diselfde mens ni, so ma'er en ferfalle was hy. Syn freugde laat sig natuurlik moeilik beskrywe. Hy foel hom di eerste dag kompleet soos 'n aap in 'n porslyn kas : Hy was ongewoon om op 'n stoel an tafel te sit. En wat smaak di kos tog anders as di milipap ! En toen hy di aand op syn sagte bed gaan lê skrik hy byna, want hy was gewoon om saans syn fermoeide lede op 'n houte harde plank uit te sterk.

En tog was daar 'n bittere druppel in syn freugde beker : syn hart brand om haar, syn enigste, syn alles te siin. Sou hy haar ooit weer siin ; sou hy ooit weer 'n woord uit haar mond, ooit weer haar liifelike stem hoor ? Wou haar pa froeger ni syn toestemming gé ni, feul minder sal hy dit nou doen. En al was hy oek al gewillig om dit te doen, dan was dit heel waarschyklik onmogelik, want wi gé hom di fersekering dat sy haar hart en hand ni reeds an 'n ander gegé het ni ? Al sulke gedagtes gaan deur syn kop toen hy di aand in syn kamer besig was om syn goed weer reg te pak. Onwillekeurig maak hy 'n dosi ope sonder ygenlik te denk wat hy doen.

En wat sou hy daar in kry ? Daar kry hy tot syn grote ferrassing di roosknoppi wat hy eers fer Anni en sy toen weer aan hom gegé het, en dit was hom of hy haar in werkelikhyd weer hoor sé : “Dani, solank as jy di knoppe in jou besit het en getrou bewaar, solank sal ek oek an jou getrou bly en sal gen ander jou plaas inneem ni.”

Sou sy woord gehou hê ? Wel hy sou dit te-proewe. Hy gaan sit en skrywe an haar 'n lang briif waarin hy syn ganse hart uitstort, hoewel hy ni weet hoe dit met di briif sal afloop ni en of sy dit ooit sal kry en lees ni, want haar pa het mos alle korrespondensi tussen hulle twe ferbode.

Di follende dag, kom di bestuurder fan di maatschappy hom besoek, en fra hom om weer syn ou plek te kom inneem. Dani dank hom fer syn goedhyd, mar sê dat hy 'n bitji moet wag, hy sou hom later beskyd sê. Kort daarop kry Dani 'n briif fan syn pa, waarin syn pa an hom fra om di plaas te kom oerneem, want hy (syn pa) begin al oud te worde, en di boerdery word fer hom te feul. Oek was hy geldelik weer sofer hersteld dat Dani di plaas op seer foordelige terme kon oerneem. Dat hy di anbod angeneem het, sal wel ni nodig wees om te sê ni. En so fertrek Dani twe dage later uit di Transvaalse goudstad waarin hy wel freugde mar oek sofeul bitterhyd en ferdrukking gehad het.

Di leser befind sig weer te P—-. Anni het di briif fan Dani in hande, en daar sy dadelik di handskrif herken, het sy alleen in haar kamer gegaan, om dit daar ongestoord te lees, terwyl

Soos dit toen ook geworde is,
Hul dri het mos toen een beslis,
En laat toen nog 'n slegte fron
Fer Dani ook nog dipen knou.

Di kaffer sê, dit is ni hy,
Daar kan hy goed voor sweer en stry;
Mar net soos Brown seg: dit lyk hy
Di wat het met syn Baas Bakly.

Bestuurder fan di besighyd
Het ook fer Dani mos gepleit;
Hy sê Dani het kans gehad
Om banje geld te steel en fat.

Rh sê dat hy hom ook beskou
Fer eerlykheid en grote trou
Hy sê van respektawelhyd
Set hy hom bowe almal uit.

EEN WAT FER BROWN HAAT.

Meneer,—Moet dit ni fer, my kwalik neem dat
ek ni myn naam onderteken ni want dit is ni
fer my waagsaam ni want Brown, di ellendeling
kan my ook foor di hof kry en daar bring waar
Dani is; en dan bars hy.

Mar as dit miskeim so is, dat ek niks kan o'er
kom ni, dan kan jul myn naam kry. Ek is ni
skaam fer myn naam ni. Ek kan ni ferdra dat
hul moet 'n Afrikaner in di tronk sit, o'er 'n
ellendige Engelsman ni.

'N OPREGTE AFRIKANER.

[Di skrywer hoof ni lang te wees fer Brown en Blake en
Wil on en di h'le sissewinkel ni; hulle is nou al bingo.—
O. K.]

Di Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik en Kerke-
lik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud
bisoender belangrik. Prys nou net mar 'n 6d. per pos.
Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry, en
glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brand-
slikte wet van 1894; di kos alleen al 1s. 6d. Dan
is daar 'n gids (of "Directory") van sowat al di dorpe en
distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrng
ste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge
en dit alles net ver 6d. nou dit al laat in di jaar word.

Di Mysiis fan Ons Tyd.

(Bekroonde Pryspraak.)*

(Foorgedra op 'n Jongelings Firéniging, deur
Mnr. T. C. Human. Ferbeter deur M. H. Naser.)

Kom, kerels, kom, en hoor na my.
Ek sal jul wat fertel,
Fan mysiis in di algemeen,
En ni net fan 'n "Belle."

Di maan, met onweestaambre krag,
Di trek di grote sê;
Di mysiis foor, met invloed sag,
'n Héle nasi mé.

Want dis 'n onbetwisbre saak.
Di mysi word 'n frou;
Di frou 'n moeder; en so sal
Dit altyd mar anhou.

Dus as di mysiis fan ons land,
Hul ouers taal bemin,
Dan gaan ons Afrikaanse folk
'n Heldre toekoms in.

Mar ag, dit is 'n droewe saak;
Mar tog is dit 'n fyt,
Dat moeders taal, en faders lees
Fertrap word in ons tyd.

Gaan jy mar na 'n dorp of stad,
Dis als fan Engels fol,
En Miss gesels met jou nou fan
"Geride, gewalk, gecall."

Dis waar, jy foel jou sommar naar;
Jon moed gaan glad ferloor,
Fan d' "English manners, English stile"
Wat jy daar siin en hoor.


Sy was mos op 'n "Boarding school"
In Wellington of Kaap,
En nou haal sy di grille uit,
Wat sy het opgeraap.

Sy sit nou in di "Parlour" mos,
En sing of speel klafir;
Fer werk is sy nou glad te fyn,
Mar wag, sy sal haar piir.

Ons fra mar net di liwe Heer,
Di dogters fan Suid-Afrika,†
Di kroon fan onse land te maak;
Di trots fan pa en ma.

* Daar is mar 2 proewe ingekom, waarvan hlir-di d beste
was.—O. K.

† Di reel het 'n foet te feul; ons son foerstel dit dus te fer
beter: "Di nōis fan Afrika."



Lede fan di Afrikaanse Taalkongres.
Gefou an di Paarl 27. Jan. 1897.

M. Glasberg
-Druk-
-Druk-

LEDE FAN DI TAALKONGRES.

Pratjiis o'er di Natuur.

“DI KORS FAN DI AARDE.”

(*Ferfolg.*)



NS het angewys waaruit dat di rotslage bestaan, wat di kors fan di aarde uitmaak.

ONS het gesiën dat di eerste twé soorte fan rotse, namelijk sandsteenrotse en organisme rotse, o'erblyfsels fan dire en plante *fossile* genoem, befat. Nou daar is fossile van fisse en andere sêdire gekry in di rots-lage fan di hoogste berge, terwyl in di bodem fan di sê fossile gefinde is fan plante en dire wat alleen op di aarde tuis hoort. Dit bewys duidelik dat wat nou droogland is, eenmaal di bodem fan di sê gewees het. Dit leer di Skrif ons oek, lees Gen. 1 : 9 en 10. Daar staan duidelik, dat di droge land tefoorskyn gekom het uit di sê, nadat di watere deur di almag van di Skepper op een plek fergader was.

Hoe is dit mogelijk dat di grond kon oprys tot di hoogste berge wat ons nou siin? Di rots-lage het seker oek eenmaal plat gelê. As 'n mens nou 'n gat grawe in di aarde, soos in koolmyne of diamantmyne te siin is, dan siin 'n mens dat di rots-lage ni meer plat lê ni, mar party regop, party skuins na bo'entoe skiit. Dit alles is seker feroorsaak deur di werking fan onderaardse kragte. Dat daar sulke kragte bestaan en werk in di ingewande fan di aarde blyk duidelik uit aardbêwings en fuurspuwende berge, waar ons sofeul fan hoor en lees, en waar o'er ons later meer sal praat. Dit is ferder bewys dat daar gehêle landstrêke is wat stadig an sak, andere weer wat stadig an rys, deur di werking fan onderaardse kragte. In di suide fan Skandinafi'e sak di land stadig an weg onder di sê, terwyl ten noorde daarfan di land stadig an oprys, op party plekke wel twé foet in di 100 jaar. So is daar meer streke in di wêreld waar dit gebeur.

Op andere plase is diselfde ding te siin an di rotse fan di sêkus. Elkeen wat an di strand gewees het weet dat di water merke maak op di rotse waar dit teun slaan. Nou daar is party kuste waar di merke hoger staan as di golfslag nou ooit beryk. Dit is dus 'n bewys dat di kus daar 'n endji opgerys is.

An di suidkus fan Engeland word stompe fan bome sigbaar in di sê by laagwater. Di boomstamme staan in 'n turflaag en hulle wortels dring diip deur in di kly onder. Di boomstamme is di o'erblyfsels fan 'n woud. Dit bewys dus dat di gedeelte fan di sê eenmaal droogland was en dat di woud deur fersakking onder water gekom het.

Daar word feul gegis na di oorsaak fan di ry-

sing en daling fan di aardkors. Di meeste aardkundige denk dat dit ontstaan deur di inkrimp fan di aarde, terwyl sy afkoel. Ons het 'n tyd gelede gesiën dat hoe dipper 'n mens in di aarde ingaan hoe warmer dit word, soos bewys word deur fontyne waarfan di water kokend warm is. Hulle denk dat di warme binnenste fan di aarde syn hitte gouer ferliis as di kou'e kors. Dit laat di binnenste gedeelte wegkrimp fan di kors af. Mar daar di kors rond is kan dit ni mékrimp ni of dit moet party plekke insak en party plekke oprys, net soos 'n appel wat gekook is wat 'n mens laat koud worde. So kan 'n hêle fasteland sak benede di opperflakte fan di water, terwyl di sê-bodem daar neffens an oprys in di lug. Op di manier gebeur dit dat rots-lage selde plat loop mar gewoonlik regop en skuins opskiiit fan di aarde se binnenste na di kors. An party rots-lage is dit duidelik te siin dat hulle deur di geweldige werking fan di onderaardse kragte gebuig en gebreek en ferdraaid en ferleg is geworde.

Di aardkundige wat 'n noukeurige studi ge-
maak het fan di rotslage wat hulle forming en ligging betref, en fan di fossile daarin, sê dat 'n mens daaruit kan afly hoe oud dat di aarde is, op watter manier dat di rots-lage ontstaan is, en watter soorte fan plante en dire froe'er op di aarde bestaan het. Hulle sê dat di dire en plante eenmaal feul groter was en feul ferskil het fan di fan onse tyd. Omtrent di ouderdom fan di aarde is daar onder hulle di grootste ferskil. Eers het hulle gesê dat daar duisende en duisende fan jare nodig was fer di forming fan di rots-lage. In later tye is di getal altyd minder geworde, molik find hulle nog uit dat di Bybel tog mar reg het en dat di aarde mar sowat 8000 jaar bestaan.

Di rots-lage en fossile wys ook an in watter orde dat plante en dire op di aarde foorgekom het, en dit is opmerkelijk dat di befinning fan di geleerde hiirin oereenstem met di orde wat angegê word in Genesis. Follens di aardkundige is al wat leef na di follende orde op di aarde ontstaan. Eers alle soorte bome en plante, want di fossile daarfan word in di oudste rots-lage gekry. Daarna fisse en foels. Daarna kruipende dire, wild en fé.

Di laaste is di mens op di aarde ontstaan, want fossile fan menselike geraamtes word eers in di jongste rots-lage gekry. Fergelyk dit nou met Genesis 1 en julle sal siin dat di Skeppingsferhaal hiirmé o'ereenstem.

P. S.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry. Stuur dadelik julle orders. Wat eers e order en geld meestuur word di eerste gehelp. Prys net mar 6d. per pos, Kontant.



Eendrag maak Mag.

An di Boere fereniging fan di wyk Bo-Witteberge, distrik Bethlehem, O. V. Staat.

Di wyk fan Bowe-Witteberg
Né, dis 'n snaakse wyk,
Daar kyk elkeen net fer hom self ;
Hul wil ni same strijk,

Di een wil hot di ander haar,
Di derde glad noordoos ;
Dan lag di Engelsman fer ons,
Want nou is hy getroos.

Nou siin hy kans om ons te win,
En om ons te ferdruk ;
En as ons glad ni daarom denk
Ons skilik in te sluk.

Want hy loer lank al na Transvaal,
Om tog di goud te kry ;
En as hy eers di Vaalpens het,
Dan is ons tyd ferby.

Dan sluk hy oek di Vrystaat in,
Of ons nou wil of keer ;
En ons sal op ons oue dag
Dan engels nog moet leer.

Dat ons tog "Ou nooi" kan verstaan
As sy fan Sterling praat !
En dit kan ek fer julle sê
Sy sal dit nooit ni laat.

Di boer se God, so as ek meen,
Is Vader, Soon en Gees ;
Pond, siling en 'n duwweltji
Sal Ou Nooi hare wees.

Oom Jan Bruwel, di het gesê
Daar op Sebastopol :
"Di tyd is moeilik onder ons
Is mos di wêreld hol.

Di speul di dompel met ons in
Foor ons dit ooit sal glo ;
Dan kry di boer di onderhand
En Ou Nooi di sit bo."

Oom Jan Bruwel di sê : "Dis reg,
Ons het 'n slegte tyd ;
Di engelsman di loer fer ons
Of hy ons ni ken byt.

"En meer as byt, as hy net kan,
Sluk hy ons seker in ;
Transvaal en Vrystaat al twé saam,
Dit is so na syn sin.

“Dit is 'n mooie stukki grond,
Transvaal en Vrystaat saam ;
En, beter nog, Transvaal het goud
Di Vrystaat banje graan.

“Né, ons moet almal wakker word,
En almal same werk ;
Want Eendrag di alleen maak mag
Ferenig is ons sterk.”

Oom Giil, di het dit oek gesê :
“Ons moet mar hand an hand
En fas en trou staan, man an man,
Fer d' vryhyd fan ons land.”

Transvaal en Vrystaat bymakaar
As broeders, sterk en trou ;
Dan gaan ek self dan win ons nog
Di “Oue liwe vrou.”

Wat hulle sê is goed en reg,
Ek wil dit maklik glo :
Transvaal en Vrystaat eers fereen,
Dan bly ons seker bo.

Mar hoe ter wêreld fra ek nou,
Hoe kan ons same stryk ?
Di wyk fan Bowe-Wittenberg
Is mar 'n enkel wyk ;

En di kan ni eers same maak,
As een man trou en sterk ;
En hoe kan ons dan met Transvaal
Nog eenmaal same werk ?

Né, manne broeders fan di wyk,
Staan almal hand an hand !
“Dan kan nog alles reg wel kom,”
Sê wyle Meneer Brand.

Dan kry ons eenmaal nog weleens
Een groot Suid Afrika,
'n Land fan fryheid, foorspoed, krag,
Nes Noord Amerika.

O. F. LENGENHAGER*

Groen Vallei,
Bethlehem O. V. Staat.

* Di skrywer van di gedig skrywe daarby, wat fer ons gebore Afrikaners tot 'n voorbeeld kan strek, daarom neem ons dit op :—

Meneer,—Bygaande gedig indien bruikbaar, gelawe te publiseer, na dit te korriseer. In di beoordeeling daarvan gelawe in anmerking te neem, dat ek uit Switserland afkomstig is en in '86 na Afrika komende gen woord Hollans of Afrikaans kon spreek ni. Di bitji wat ek nou ken, het ek uit myn eige geleer sonder enige boek of taalkunde. Myn hart egter is goed Afrikaans, en ek hoop myn kinders as ware Afrikaners op te foede.

Hasi deur Skulpad Gefop.

DI dire kom een keer by makaar om 'n dam te maak, op order fan koning Olifant ; want hy was in di dage koning o'er di dire ryk. Mar hasi wou ni an di dam gewerk het ni. Toen maak hulle 'n plan om hasi ni fan di dam se water te gé ni. Mar hasi kom steel snags as dit donker is fan di dam se water. Mar di ander dire kom dit gou agter. Hulle set toen wagte om hom te fang.

Di eerste wat op di wag gaan is leeu. Mar hasi find dit gou uit ; want hy was mos ni 'n domkop ni. Hasi dra toen twé kalbassiis, di een fol heuning, en di ander een om water te skep. Toen hasi weer een aand by di dam kom om water te skep staan leeu hiir by hom op en sê :—“Ah, jou skelm ! nou het ek jou.” Hasi kyk so effentjiis na leeu en sê spotterwys : “Is oom dan mal ? Ek het lekkerder water as oom. Proe hiir.” Hy steek toen 'n stokki in di heuning en smeer dit in leeu se bek. Leeu was ferwonder en sê toen : Hoor, hasi, gé tog fer my nog 'n bitji fan jou lekker water.” Hasi sê : “Ja, ek sal dit doen onder een seker voorwaarde : dan moet oom gaan lê, dan sal ek oom se foete fas maak en di water in oom se keel gooi :” Leeu siin daar niks in ni ; Hy dog : wat kan di feragtelike hasi doen ? Hasi maak hom toen styf fas, en toen skep hy syn kalbassi fol water, en stap so ewe hout gerus huis-toe.

Di ander dag oggend was di ander dire net onrustig toen leeu ni kom ni. Leeu se frou skop 'n groot lewaai op, o'er haar man, en dit maak dat di dire almal di wêreld deel na di dam toe. Wat siin hulle ? Leeu lê fas. Mar glo hulle het leeu uitgelag ! Leeu sê net : “Hasi het hom ferly en met 'n stokki wat hy in 'n kalbas gestee het, het hy hom getoor.”

Di ander dag aand kom tiir weer an di beurt om op wag te staan. Mar toen kon jy di ou langlyf kèrel hoor roem ! Hy sal hasi so fang, en so maak, en hy ferag fer leeu ; mar altyd so agterlangs ; want hy is mos 'n ou wat killig in syn oge is. Mar wi sê so ? Hasi span fer tiir oek pool-sambok. En so het hasi fer luiper, jakhals, wolf, bobbejaan, en nog andere dire getoor.

Op lange laas kom skulpad an di beurt. Mar nou moet ek julle eers fertel, toen di dam gemaak is het hulle 3 klippe langs makaar in di dam gesit, so dat di klyn diirtjis maklik di water kan by kom. Skulpad was oek ni sommar 'n frys-kop ni. Toen hy na di water loop, smeer hy hom eers goed fol pik. Hy rol di middelste klip weg, en gaan lê tussen di twee klippe. Hasi kom weer di aand so fluit fluit om water te skep, met syn twee kalbassiis. Toen hy naby di dam kom roep

hy: "Frede, of onfrede? Is hiir nimand meer ni?"—Want dit was mos in di laaste tyd syn gebruik, om uit te vinde, wi is fanaand op wag. Skulpad lê mar dood stil.

Hasi sê: "fanaand sal ek lekker water skep." Hy gaan oek reguit na di middelste klip, om syn twe kalbassiis weerskante fan hom te laat staan op di twe buitenste klippe. Hy neem hom foor om eers goed water te drink; want dit was di dag banja warm. Syn kalbassi was froeg di dag al leeg. Mar toen hy syn foor foet op di klip sit, merk hy onraad en ruk, mar regtig, hy sit fas. Skulpad laat hom hoor en sê: "A, jou karnalli! nou het ek, jou." Hasi sê: "Ek het nog foete: ek sal trap, totdat jou melkpenzi bars." op laas was hasi dan heeltemal fas, tot syn ore oek, in di pik.

Di anderdag oggend gaan skulpat so op syn manniir kruip kruip an na di koning Olifant toe. Dit was 'n naarhyd om te siin hoe afgunstig di ander dire was op skulpad. Party skel hom sommar uit, mar di Koning sê: "Frinde, wees bedaard! Hy het 'n groot kardaat gemaak. "Toen hasi in di preseniirs boks staan kyk hy di hofsaal so deur, en kyk di Koning so ewe frypostig in di oge, en sê: "Goeie morre, meneer di Koning! Hiir staan ek as 'n preseniir; en meneer di Koning, dis ni nodig dat uwe agbaaryd di saak ondersoek ni. Ek is skuldig, en volgens wet moet ek dood gemaak worde. Mar, meneer di Koning, gé my nou di kans om myn doodstraf te kiis. Myn oorlede tata het altyd gesê: di beste manniir om 'n hasi dood te maak as hy kwaad gedoen het is, maak 'n groot fuur en fat hasi an di stêrd, swaai hom twémaal o'er di fuur, en di derde maal slaan jy hom so hard as jy kan in di fuur." Almal ferwonder o'er hasi syn frypostigheyd. Di Olifant sê: "Jy is net 'n slimme jong; dis jammer dat jy so kwaad doen. Fan dat ek Koning is, het ek nog nooit so'n goeie plan gesiin om een dood te kry ni."

Daar word toen 'n groot fuur gemaak. Di lot fal toen op leeu om hom dood te maak, soos hy gesê het. Di ander dire lag tot in hulle klynpenziis om di skelmpi se harde lot. Jakhals sê sommar: "ek wil di niirfet hê." Hy trap oek al rond as hy om hasi se flys dink wat so efen-tjiis geskroei sal wees. Mar wat gebeur? Leeu fat hasi se stêrt goed fas, en staan so wye bene; want hy dink nog hoe het hasi hom toe gesit, en fan dag wil hy kom druk; want hy het di nag byna ferklum.

Toen staan leeu en wag op order. Olifant sê: "1-2-3." Di ander dire sê dit na. Leeu swaai fer hasi; en soos almal kan dink, hasi se stêrt-fel trek uit, en hy spring weg, en loop net so hard as hy gewend is en lag "ka-ka-ka;" en daarom is hasi se stêrt-fel tot fan dag toe nog los. Mar moet ni praat hoe neerslagtig was di spul toe ni.

Olifant skop stof; leeu en tiir brul dat di aarde beef; mar ni een het di moed om hasi te folg ni.

Toe alles weer tot bedaring was begin skulpad met syn ou fyn stemmetji en sê "kyk, frinde, julle ferag my nou so. Hoekom het ni een fan julle grotes fer hasi gefang ni, en ek het hom gefang en by julle gebring, en julle laat hom weer uit di hande raak. Leer dit nou fan my: al is ek klyn, fer-ag nooit 'n klyntji ni; mar hasi hou hom in waarde; want hy doen banjakeer knapper werke as grotes, en daarom moet julle oek ni fer ons klyntjiis ferag ni, mar help ons fort." Di fyande laat oek net nou fer *Ons Klyntji* fry loop.

P. J. KRUGER,

Elliot Weltevreden.

Di Teregstelling van Jakhals.

(Deur P. J. Kruger, Weltevrede, Elliott.)



IT di Dongas Storiis wat ou Danster Pylman fer ons kinders fertel het, wil ek nou een daarfan medeel.

Een somer-aand lê 'n hele spul fan ons jongetjiis by di trapfloer in di kaf, want dit was ons gewoonte, om na di drukte en warmte fan di dag, daar te gaan rus. Soos julle weet het di ou mense in di tyd baing ou Boesmans gehad. Di Boesmans was natuerlik oek in ons geselskap, want ons het mar altyd gedoen wat ons kan en hulle gepaai met twak fan pa—wat ons wegmoffel—om fer hulle te gé dat hulle fer ons moet storiis fertel. Ou Danster Pylman was dan yndelik di baas-storiis-ferteller, feral wanneer ons hom 'n stukki twak en 'n bitji daggatjiis gegé en hom so wat fan syn deugde fertel het wat ons kasta so hoog op prys stel, dan word di ou regte trots, krap so 'n bitji an syn peperkorreltjiis kop, steek syn dagga pyp op en dan kan jy hom kom hoor.

—Meesal begin ou Danster op di follende wyse: —Duusman syn kind! Julle lol nou weer o'er storiis, mar julle moet weet as ons morre te laat slaap dan is di ou baas met di kweper kiri op ons hakke en dan is di wereld fer ons te klyn soos ons sal hardloop, idereen met 'n goeie party rapse o'er di agterstel; want julle weet net so goed as ek dat di morre-ster ons son is, dan moet ons uit di kassemat uit om weer di floer te smeer eer dit dag word, dat di follende trapsel betyds kan angelé worde. Ou baas is nou reeds and slaap, met di kweper kiri kort by hom, mar dit traak my ni, want di spreekwoord sê: as 'n mens ni

sterk is ni dan moet hy slim wees anders raak jy geflous. En net soos dit met di mense is so is dit met di diri oek. Julle weet mos dat di leeu erken word as Koning deur al di diri. Dog jakhals wou so graag koning wees, mar wis ni hoe om dit an te lê ni dat hy kan koning wees, want deur hy al so baing kwaad gedoen en so baing fagebondstreke angefang het, nou is al di dire teun hom.

Eens op 'n dag kry jakhals egter 'n plan: hy sal doen wat hy kan om in di guns fan koning leeu te kom, en dan sal hy met di koning syn dogter trou, want as dit gebeur dan sal hy natuurlik koning worde as leeu dood gaan. So gesê, so gedoen: Hy begin dan op di follende manier te perbeer om in leeu syn guns te kom. Di outji begin di boere hulle skape te fang dat dit so kraak, en dan breng hy dit fer leeu; hy self het amper gefrek fan di honger, want hy wou so feul as molik, al wat hy in di hande kry, breng, dat dit op di koning syn tafel kan geset worde. Party da'e het hij amper syn nek gebreek om 'n bitji heuning te kry fer di koning. En as een fan di ander dire dit durf doen om kwaad te praat fan di koning en fossi hoor dit, dan loop hy so hard as hy kan en gaan dit fer leeu fertel. Partykeer het meer as een fan di ander dire al onskuldig straf gekry, want gewoonlik liig hy meer as di helfte fan wat hy te fertel het, en daarom was di ander dire baing kwaad op hom.

Ofskoon fossi fer 'n lange tyd baing moeite gedoen het om in di koning syn guns te kom, kon hy dit tot nogtoe ni so fer kry ni; egter ken hy di spreekwoord wat sê: anhou wen, en so het hy ni moed opgegeë ni, waaruit ider mens 'n lessi kan leer en ni sommar 'n ding te laat staan as jy dit ni anstons kan reg kry ni. Op 'n goeie dag sit leeu met syn twé generaals te praat, namelijk met beer en tiir. Nadat hulle so hiirfan en daarfan gesels het, fra leeu: mar frinde, het julle al opgelet na fossi? In di laaste tyd is hy heeltemal feranderd, ten minste fan dat hy wewenaar geworde het, is hy so minsaam, gediinstig en eerbidig as 'n mens kan ferlang, oek is hy ni meer so eersugtig as hy froe'er was ni. As hy in di koert (hof) kom, dan fertel hy my baing belangrike dinge wat ek nodig het om te weet. Hy doen oek net wat hy kan om myn tafel met di keurigste en lekkerste kos te foorsiin. Hoe hy sig moeite gé om sal fan diins te wees en selfs myn lewe gered het sal ek julle fertel.

Gister loop myn frou met haar dogter en ek daar di stylte af; net toen ons so 'n hondedraffi fat, kom ons by 'n nou plek waar ons agter makkaar moet loop; toen sê ek: wag, laat ek nou foor loop, dan kom julle fersigtig so een-een agterna. Wel, ons gaan fort, mar ek het skaars dri tre'e geloop, toen word di pad so nou dat ek mar net myn pote mooi agtermakkaar moet neer sit om

ni deur di katdoorns, wat weerskante staan, gekrap te worde ni. Meteens fliig daar 'n ding uit di grond uit net soos 'n krokodil syn bek, en eer ek mes kan sê had hy my an di foorfoet beet, hy byt mar altyd faster, dit was di swaarste pyn wat ek al ooit in myn lewe uitgestaan het toen hy my soos 'n skroef fas knyp, en dan di ferfaarlake tande—di hele bek is sommar puur tande, fossi roep dit: di boer syn ystertande. Ek kon gen poot ferroer ni, want wat ni fas geraak het ni was so ferlamd deur di pyn dat dit gelyk het of myn ynde net kort by was.

Toen ek daar in di ellende was wou ek myn lyf nog wolhaar hou, mar wi sê so, ek skré soos 'n stok ou ottji. In di termult raak myn frou en dogter so ferskrik dat hulle nog harder skré as ek en di feld in hardloop; daar hoor jakhals fer hulle huil en hy loop hulle te gemoet om te weet wat dit was. Toen hy alles anghoor het, sê hy: stil mar, ek sal fer di koning ferlos. Hy hardloop na myn toe en rol 'n groot klip op di eenkant, fan di wipkakebeen en so kry hy di knypklem fan makkaar af los en haal ewe fersigtig myn voet uit. Nadat hy di wonde gewas en 'n bitji spuug angesmeer het kon ek anstons weer bokspring. Ek wou toen weet watter 'n soort fan 'n knypding dit is wat my daar amper laat frek het fan pyn; toen het hy my alles fertel en gesê dat hy bekend is met di soort strikke wat gebruik word wanneer di boer imand uit di lig uit wil hê, as oek dat jy, tiir, en jy, beer, saam gespan het met di boer om my di strik te laat aftrap.

Meteens brul di leeu dat di grond so dreun, en daar kom al di dire anghardloop om te weet wat dit met di koning te doen was, en daar was 'n rumoer fan di ander wêrled; party sê: jakhals liig, syn stert moet afgekap worde. Andere sê weer: né, hy moet dood gemaak worde, want hy is 'n kwaadstoker. Toen word di koning so kwaad dat hy almal wil ferskeur en sê: dit lyk of julle almal saamgespan het om fer myn di kool te stowe, en tog het fossi myn lewe gered. Di dire was almal toen so bang dat hulle sommar bewe soos bisiis toen hulle siin hoe kwaad dat di koning was. Daar kom jakhals en sê: hoor frinde, ons het 'n goeie en 'n slimme koning, hy sal wel raad weet om di boosdoeners uit te finde. Toen di koning so gefly word, het syn boosheid sommar bedaar en hy sê: di wat binnen fiir dage di felle breng fan di twé belhamels wat my in di knyp laat kom het, di kan myn dogter kry en later in myn plaas koning worde.

Daarop gaan di koning in syn palys en di ander dire gaan huistoe. Di tiir en beer maak toen afspraak om fossi te fermoor. Jakhals hoor dit en hy gaan digteby hulle huis (hulle woon bymakkaar) in 'n bossi weg kruip. Toen hulle huistoe gaan nadat dit reeds donker was, hoor hulle iemand sodanig huilhuil-praat, hulle luister, ja,

dis jakhals syn stem wat sê: ja, nou is oom tiir en oom beer fer myn kwaad omdat ek my ferspreek het by di koning, ek wou so graag nog eers fer hulle elkeen 'n fet skaapbout gaan haal hê, mar nou is ek fan al di droefheid glad maanblind dat ek ni kan siin waar di flys an di penne hang daar in di kamertjiis ni. Di twê hoor dit en roep na hom en sê: kyk, as jy fer ons di plek wys waar di flys is, dan sal ons jou ni dood maak ni. Hy wys hulle toen na twê wolwe-hokke en sê hulle moet gelyk in loop, hy sal so lank kyk of di boer ni kom ni, intussen sal hy tel: een, twê, dri; dan is hulle net by di flys.

Ferder fertel hy fer hulle nog, hy wou op gevoel di flys gaan haal hê, dog binnekant is 'n lyn gespan wat hy ni kan af byt ni deur di sware tandpyn wat hy het. Wel, di twê stap in, bom, bom; daar fal twê klipdeure agter hulle toe. Jakhals hardloop na di boer syn huis toe en sê: boer boer, di lammerfangers is in di wolwehokke. Toen dit dag word kom di boer en sê: a, julle fagebonde, disjulle wat so baing fan myn lammers en ganse gefang het (wyl jakhals al deur di kwaadoener was), ek sal julle nou 'n stryk leer. Toen skii di boer alby dood in di hokke, hy slag hulle af en hang di felle oer di bak-oond om te laat droog worde en di ander dag mark toe te breng. Di nag steel jakhals di felle, breng na koning leeu toe, trou met syn dogter, gé syn skoonfader gif in wat toen frek, word koning in syn plaas, dog word om syn fagebondstreke deur syn onderdane afgesit, gefonniss as di grootste skelm en deur di honde di feld ingejaag waar tot fandaag toe nog jag gemaak word op hom.

Nuttige Reseppe.

1. Fer Hoofpyn.

Tinktinkkiis bloed en kraai se aptyd;
Fiir lepels honde blaf;
Jakhals syn byt en wolf syn huid,
En 'n ystervark syn draf.

2. Fer Tantpyn.

'n Emmer sonskyn in 'n sak gefang;
Fan Leeu syn brul so wat;
Di sleepsels fan 'n waterslang,
En skadewe fan 'n kat.

3. Fer Koliik.

Wat Suikerbossiisstroop gekook,
Met 'n pond ferslaande wasem,
Di manire fan 'n wyfi spook,
En 'n bobbejaan syn asem,

4. Fer Jig.

'n Houte kis goed fol met wind,
Met twê el steenkool rook,
Di ouderdom fan ma'er Gert syn kind,
Met naarthyd goed gekook.

5. Fer Omloop.

Di nuttigheid fan 'n pampistool,
Di snaakshyd fan 'n grap,
Di hoogfliig fan 'n jakhalsfo'el
En di skuinsloop fan 'n krap.

6. Fer Skrik.

Di heldre lig fan folle maan,
Fan aasfool ruik 'n duim,
'n Bottel kraai fan 'n hoenderhaan,
En een skulpad syn fersuim.

C. W. JOUBERT D. zoon.

Naskrif: Fer Faak.

Di sap fan 'n halwe suurlemoen in 'n glas
water gé faak onmiddelik ferligting.

Di Rys na Johannesburg.

Ek moet eers myn lesers bekend maak met oom Freek en syn seun Piit, dat hulle my goed kan ferstaan. Di frou van oom Freek, tant Sari, ou Freek en Piit sit een aand in di foorkamer; want oom Freek woon toen op Traliisfontein by Heidelberg. Nou, fan dat hy ryk geworde het, woon hy ni meer daar ni, mar op 'n ander plaas by Johannesburg, dog in di oue da'e het dit mar nog baing sleg gegaan met hom, toen het hy di naam gedra van "baing arm," mar nou dra hy di naam van "baing ryk." Hy kyk nou oek ni meer na syn ou maats ni, dog vanselewe, toen hy nog klapbroek gedra het, was hy al te bly as een van di ou maats bitji gekom het om te kuier.

Nou ja, myn lesers weet nou met watter soort kêrl hulle te doen kry. Gemelde dri (want Piit is di oudste van 12 kinders), sit nou in di foorkamer fan di ou huis, en ou Freek syn frou sê fer hom: "Ek denk ons moet mar fer Doortji ferkoop, want ek weet ni waarfandaan sal ons nou kos kry ni; ek het niks meer ni, ek het gister di laaste hoenderhaan ferkoop an di ou hotnot, wat gister hiir ferby is, fer 'n sixpens."

Ou Doortji was 'n ou koei wat tant Sari persent gekry het, hulle het mar 2 koeie, en ou Doortji haar kalf het ferlede maand gefrek. Dit word toen besluit om di koei op Johannesburg te fer-

koop. Ou Freek het gen kar ni en di pèrd is ma'er, dit was dan oek 'n regte ou knol en kan ni so fêr loop ni. Dit word dan so gemaak dat Piit mar met di koei na Johannesburg toe moet loop om ou Doortji op di mark te ferkoop; hy was al 23 jaar en kan sulke besighyd al goed doen, so sê ou Freek; mar ons sal siin dat hy dit ni kan doen ni.

Di follende morre gaat Piit froeg weg met di ou koei, syn ma staan in di kombuis deur, sy huil en sê: "Ag, ek is tog so jammer fer ou Doortji, nou sal sy seker geslag worde." Piit huil oek, dog hy is naderhand moeg geworde fan di huil toen di son begin warm te worde, en so hou hy toen mar op.

In di aand kom hy by oom Stefaans van Jaarsveld; hy het mar net fris geloop om di aand daar te kom; want hy fry na oom Fani syn dogter Sanni, hy het al baing lank na haar gefry, mar as 'n mens fer hom fra: "wanneer gaan jy trou;" dan sê hy: "ek is nog mar 'n kind." Nou het hy oek ni met Sanni gaan trou ni, hy het mos 'n ryk frot gefat.

Toen oom Fani en syn frou gaan slaap, sit Sanni en Piit nog gesels. Piit het di aand net baing groot gepraat met haar; hy fertel haar dat hy o'er 6 maande met haar sal gaan trou, en sulke dinge meer, wat alles bog was.

Di follende agter middag is hy op Johannesburg syn mark. Mar nou had hy net baing honger, hy het mos ni geld gehad ni; hy sê toen fêr 'n poliisman: "Hou bitji di koei fer myn fas, dat ek fer myn 'n bitji kos kan gaan seek." Di poliisman sê fêr hom: "Loop daar in di markhuis en koop fer jou 'n brood." Piit fertel toen fer hom dat hy ni geld het ni. Dog di poliisman is 'n gawe kerl en gé fer Piit toen 6 dubbeltjiis om brood te gaan koop.

Hy gaan toen na di bakhuis, wat daar by di mark is, en toen hy daar in is ruik hy net di lekker geur fan di koek en hy kry oeksommar lus om te eet. Hy sê fer di kerl, hy wil fer 6 dubbeltjiis brood hê, mar di man het toen net gen brood in di winkel ni en hy gaan uit om een te haal; so lank as di kèrl uit was, maak Piit syn batji toe met riimpiis, want daar is ni meer knope an ni, en hy fat fan di koeke so gou as hy kan en sit dit foor in syn batji, dog hy moet net gougou m ak dat hy syn fingers ni verbrand ni, want di koeke is net regte warm; di man had dit net pas uit di oond gehaal toen Piit in kom.

Di warm koek begin nou op Piit zyn bors te brand, want hy het dit so fuurwarm as dit was foor in syn batji toegebinde; dit brand altyd seerder, dog hy bly stil, hy hoor di baas fan di winkel kom an met di brood, toen kom hy uit en staan stil, mar di koek brand freeslik. Di baas siin sommar dat daar so baing fan syn koek weg is, oek siin hy dat Piit onrustig worde, dat syn

batji met di riimpiis fassgemaak is en dat dit op Piit syn bors so baing dik is fan di koek. Di man maak oek sommar 'n plan, hy sit di brood wat hy gaan haal het op di tafel en begin fan di weerte gesels, dog Piit kan dit nou ni meer hou ni en di trane kom in syn oge; toen di baas fan di winkel dit siin, gaan hy by Piit en fat hom in syn arms, net soos 'n froumens as sy 'n man wil soen, en druk hom so teun di bors, dat di koeke wat daarin is fyn gedruk word, en nou eers lekker begin te brand. Piit skré so hard dat heelparty mense daarnatoe hardloop, hy skré net altyd: "assebliif tog, ek sal dit ni weer doen ni." Dog net soos di kèrl genoeg gedruk het, fat hy di agtersambok en slaan dat Piit nou nog harder begin te skré, en met di geraas het di poliisman oek nader gekom want hy dog daar find 'n moord plaas.

Di baas van di winkel sê an di poliisman wat Piit gemaak het. Di poliisman sê fer Piit: "Jou fulles, en jy kom nog fer myn 6 dubbeltjiis fra, en dan loop jy steel; wag mar, ek sal jou wys." Piit moet nou saam gaan tronk toe met ou Doortji. Di ander dag morre breng hulle fer Piit na di landros en toen di landros fer hom fra: "Hoe kom steel jy di koek?" sê hy fer hom, dat di koek tog al te lekker fer hom geruik het, en hulle lyk so lekker dat dit hom sommar laat steel. Toen fra di landros fer nom of hy skuldig is an di diifstal, dog hy sê: né. Piit moes toen mar 1 week in di tronk bly, omdat hy so gebrand was en reeds 'n gawe pak sla'e gekry het.

Toen hy nou weer uit di tronk kom, gaan hy weer met ou Doortji mark toe, want di ou koei het oek saam tronktoe gegaan, dog dis nou al in di middag en hij is oek mar haastig om huis toe te kom, dog di mark is al ferby. Mar Piit wag en denk altyd: net nou kom di markmeester en koop myn koei.

Toen di son net wou onder gaan, kom daar 'n Jood met 'n kissi wat om syn nek op syn bors hang met handelgoetjiis daar in. Piit loop na hom toe, want hy denk dis di markmeester en fra fer hom of hy di koei wil koop. Di Jood siin sommar dat Piit baing dom is, en hy sê: "Né, ni koop ni, mar ek sal ou Doortji fan jou ruil." Piit fra of hy dan ni di markmeester is ni. Di Jood sê: "Ja, ek is di markmeester." Piit fra. "Hoe kom koop jy dan ni di koei ni?" Toen sê di Jood: "Di mark gaan nou so sleg, en di geld is nou so skaars, dat hulle di koeie nou mar net kan ruil, mar ni koop ni."

Al di tyd het Piit al staan kyk na di goetjiis wat di Jood, of di markmeester soos hy denk, in di kissi het en fra toen wat di Jood fer hom sal gé fer ou Doortji! Di Jood kyk toen in syn kissi rond, en sê naderhand: "Ek sal jou 'n paar brille gé fer di koei." Net soos hy dit sê, kom daar 'n ander Jood, en fra: "Wat is di prys fan di

brille?" Di eerste Jood sê: "5 silings:" en di tweede Jood sê sommar: "Mar hoor, dis goedkoop!" Dog di brille was ni meer wêrd ni as omtrent 1 siling. Di twé Jode was maats en hulle siin dat Piit baing dom is.

Nou, di Jood wat laaste daar gekom het, koop kasta een fan di brille fer fyf silings, sit dit op syn neus en gaan weg. Piit sê: "Myn tyd nog toe, dis mooi duur goed," en fra: "hoeveul brille sal jy fêr myn gé fêr ou Doortji?" Di Jood sê: "Ekke sal jou fyftig brille gé fêr di koei."

Hiir begin Piit toen op syn manniir te handel en sê: "né, ek wil 55 hê." "Nou ja," sê di Jood, "omdat ekke fer jou so lank het laat wag sal ekke fer jou 55 brille gé, mar jy moeni an di ander mense fertel ni dat ek jou so baing brille gegé het fer jou koei ni." En Piit stem dit toe. Di Jood gé hom toen 55 brille en fat fer ou Doortji weg. Toen sê Piit: "Markmeester, is di mark nou al klaar?"—"Ja," sê di Jood, "mar jy moet nou nog daar di klok gaan lui, dat di mense kan weet dat di mark ferby is." En di Jood wys hom waar di markklok is, wat gelui word as daar brand is in di dorp. Piit loop daarnatoe en begin net hard te trek an di klok, en hy foel net pelsirig o'er di klok syn klanke. Di mense hardloop fan alle kante om te kom hoor waar di brand is, dog as hulle fer Piit fra wat daar makeer, dan sê hy net: "Di mark is klaar."

Di poliismanne kom oek fan alle kante om te hoor waar di fuur is, om te gaan help dood maak, dog Piit sê mar net elkemaal op hulle fra'e: "Di mark is klaar!" Hulle denk nou: di kêrl het mal geworde o'er di skrik fan di brand. Daar kom nou net di kommandant fan di poliis, syn asem is gedaan, fan di hardloop, hy skré fer Piit. "wat makeer?"—"Di mark is klaar!" skré Piit net so hard as di kommandant.

Di kommandant ruk fer Piit na eenkant toe dat hy so wai en begin self te lui, want Piit was nat gesweet en hy wil fer hom 'n bitji help lui, want hy denk Piit is al moeg. Mar Piit sê fer di kommandant: "Né oom, ek was eerste hiir, en nou dat di mense fer myn kom kyk hoe mooi ek di klok lui nou wil jy kom, dat di mense moet denk dis jy wat nou fer ou Doortji ferruil het." Meteen gryp hy di ou kommandant en goi hom daar op di grond dat dit so dreun.

Toen di Poliismanne siin hoe goi Piit hulle kommandant op di grond, gryp hulle hom sommar fas, dog Piit sê mar altyd: "di mark is klaar!" Toen di kommandant opstaan sê hy: "Hoekom goi jy my so op di grond?" Piit sê: "Di mark is klaar!"—"Wag, sê di kommandant, ek sal jou wys, deugniit." Piit skré weer: "Di mark is klaar!" Fer alles wat hulle an hom fra, sê Piit mar altyd: "Di mark is klaar." Di poliismanne word naderhand moeg fan "di mark is klaar," en hulle breng hom weer in di tronk. Toen hulle

fer hom fissenteer, kry hulle by hom di 54 brille, eene daarfan het hy fer hom opgesit, en hulle denk sommar dat hy di brille gesteel het. Piit huil eenstreek deur toen hulle di brille by hom weg fat, en een fan di polliismanne gé hom 'n klap op syn mond dat dit anstons dik opswel en toen was hy stil.

Di follende morre kom hy weer op di kantoor, en Piit fertel toen an di landros, hoe dat hy ou Doortji ferruil het an di markmeester fer 55 brille en hoe di markmeester toen fer hom gesê het, hy moet di klok gaan lui dat di mense kan weet dat di mark ferby is. En Piit begin toen weer te huil, want hy is mar 23 jaar oud. Di landros kry toen fer hom jammer en gé hom gen straf ni, want hy weet dat Piit fer ou Doortji by hom gehad het en siin dat hy ni reg wys is ni, hy merk dat een of ander Jood fer Piit in di nek gekyk het. Piit kry toen syn brille weer terug, en gaan nou net gougou huistoe om weer by Sanni te kom en te fertel hoe goed hy ou Doortji ferruil het fer di brille. En as hy denk hoe ferwonderd Sanni sal wees om te siin hoe mooi en geleerd hy lyk met di bril op syn neus, dan loop hy op di punte fan syn toontjies en lag dat dit help. Mar toen hy tuis kom het syn pa hom dugtig deurgeloop; en wonderlik, later het Piit 'n flukse kêrl geworde, en selfs het gen Jood weer di eer gehad om hom onderdeur te spring ni.

W. SCHURMANN.

'n Ysterfark-Jag.

WEL, frinde, ek gaan julle hiir fertel fan 'n ysterfark-jag, wat ons een aand gehad het, en as di Editeur dit di moeite wêrd ag om dit te plaas sal ek bly wees.

Di ferhaal het plaas gefinde op di plaas fan Meneer Kruger n.m. op Vaalbank. Ons het di jaar baing miliis en pampoene gesaai, mar toen di goed begin groot te worde, bemerk ons dat daar fout is; want di pampoene en milikoppe raak net finnis weg. Di saak word ondersoek en toegé myn fader ons di fersekering, dis niks anders as 'n ysterfark; en sê toen dat hy moet gesoek worde.

Wel, di aand word toen bestel, en ons kom bymakaar. Ek dink ons was omtrent 20; want daar woon baing mense op meneer Kruger se plaas, en myn fader hou toen juis net daar skool, mar dink bitji, onder di héle klomp was ni een ni wat 'n ysterfark gesiin het ni, as net myn fader en meneer du Plessis. En toen gaan oek

di fabelagtigste storiis onder ons rond, wat julle ooit moes gehoor hê, onder andere fertel 'n ou boesman ons dat di ysterfark met syn penne 'n mens op twintig trê kan raak skiit, ens., en ons glo dit oek.

Nou sit reg voor di huis 'n berg kort by, en daar bly di ysterfark. Di honde word toen by-maak geroep, 'n ganse boel fan windhonde, brakke, en boeldokke, almal ewe sleg. Myn fader gé toen order om eers di berg deur te soek en dan land toe. En ek wens toen uit myn hart, dat ons 'n ysterfark moet kry.

Di hêle berg word toen deur gesoek, mar ons kry niks, en toen gaan ons af land toe, mar di meeste honde bly agter in di berg. Ons was net onder, en daar blaf di honde bo op di berg, en ons kan duidelik hoor di "woer, woer," fan di ysterfark, soos hy syn penne oop ruk om di honde te steek en ons hoor oek hoe dat di brakke tjank. "Dis hy," sê myn vader. En toen is dit ene resiiis teun di berg op; party word naderhand flou, mar hulle klim daarom net wat hulle kan om by di klomp te bly, uit frees fer di ysterfark.

Stokflou kom ons bo. "Waar is di ysterfrak?" hoor jy net skré. "Né wat, hy's weg."—"Né, daar blaf di honde daar onder an di regterhand fan di berg." Nou weer berg af; mar kyk, as julle wou lag, moes julle toen daar gewees het. Ons moes 'n klyn banki af, om onder te kom; mar di meeste kom op hulle neuse daaraf; en hiir is een o'er 'n bos en daar een o'er 'n klip. Di ander dag het ons byna almal 'n gebrek gehad fan di fal, streep streep kom ons onder, waar di ysterfark in 'n gat was.

Nou di gat was onder 'n stuk krans wat met een of ander gefal bo fan di berg afgefal het. Nou, wat nou gemaak? Di een sê: "Maak fuur voor di gat." 'n Ander sê: "Né, laat ons 'n kêrs laat haal." "Né wat," sê myn fader, "staan mar net reg met julle kiriis." Wel, ons staan reg. Di gat was ni diip ni, en myn fader steek hom, en hiir kom hy! Mar ô myn tyd! ons is morsdood geskrik. In plaas dat ons slaan, wil ons toen weghardloop, meneer du Plessis inkluis, en di een stamp di ander onderstebo. Dit lyk toen publiek of ons boldermakisi speul—en daar gaan di ysterfark, en di honde agter hom an.

Myn fader is toen net kwaad. "Hoor," sê hy, "julle is 'n klomp papbroeke! waarom het julle hom ni doodgeslaan ni? Julle is so 'n klomp."—"Mentig! oom Jan," sê meneer du Plessis, "di ding lyk daarom al te freeslik in di donker met syn lang penne." "Né wat" sê myn fader, "julle is net 'n klomp lafharte en niks meer ni."

Wel, ysterfark is nou weer fry, mar gelukkig ja di honde hom weer in 'n gat. Mar di gat was diip, oek teen di berg, onder 'n krans. Di beste is toen om 'n fuur te maak voor di gat en 'n kêrs te laat haal, soos ons oek gedoen het. Nou sit ons by di fuur en wag fer di kêrs. Nou begin ons eers te lag fer di grap wat ons gehad het; want di skrik is nou bitji o'er.

"Mentig! mar kyk, so 'n ysterfark-goed!" sê 'n ou boesman, "hy laat 'n mens-goed daarom lelik skrik! Mastig! ekke wou oek wegspreeng, en ek fal o'er di kleep, en een trap bo op mien, dat ek biina bars. Mastig! baas Sarel het fer-niit 'n groot mond; hy hardloop daarom nes ons goed," en so ferder an.

Nou's di kêrs daar, mar di gat is bitji nou, en moet wy'er gespit worde. Ons het toen so 'n endji gehelp spit, mar toen word ons bang; ons kan dalk op di ysterfark afkom. Toen spit myn fader alleen, en ons sit langs di fuur en babbel dood gerus, ni een het syn kiri ni. Myn fader grawe mar altyd deur. Toen hy diip genoeg in was fat hy di kêrs om te lig, en steek toen so in di gat op met 'n stok (want di gat draai toen reg op), en boms! di ysterfark flak voor myn fader. Hy kruip toen fininig terug, natuurlik agteruit, en hy kyk weer op, ja hiir's di ysterfark by hom!—Myn fader skré fer ons: "Pasop! hiir kom di fark!"

Dood geskrik, kruip ons op hande en foete weg. "Sakkerloot! waar's di kiriis?"—Fan skrik kan ni een syn kiri siin ni; elkeen soek mar net fylighyd.—Jy sal sweer dis 'n tiir. Elkeen soek fylighyd fer hom deur teen di krans op te klim. Klein Harm Kruger was so geskrik, dat hy ni kan weg kom ni voor di gat en di ysterfark spring tussen syn béne deur. Toen staat hy en rond trap of hy di skotse rillings het. Dit het waarlik gelyk of hy di hondekrap wou dans. En daar gaan di ysterfark, en fry is hy!

Toen di grap ferby was, sit ons soos dassiis daar teun di krans.



Die jonge kroos is freeslik sleg;
Bewaar hull' as hull' met 'n tiir moet feg.

Julle frind,

F. NESER.

Bethulie 1896.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 bevat di name van Kerkeraads lede van gemeentes in di Koloni, met getal van lede, sile, gedoop, angeneem, ens.—Prys 6d. Kontant.



TWE PORRETTE VAN ONS NUWE GOUWERNEUR,
* SIR ALFRED MILNER. *

Geselsery met Skrywers en Lesers.

Myn niggi, Elisabeth Nel, fan Calfinia het fer my 'n nuwejaarspersentji gestuur fan 1s. 6d. om fer my 'n strooi hoedji te koop fer di somer. Sy skrywe daarby: "As al *Ons Klyntji* syn frinde tog mar so'n klyne persentji stuur, sal hy onbesorg kan wees omtrent syn klédning fer di jaar 1897. Myn hoop is dat hy fan almal sofeul en nog meer sal kry, want hy is dit waarlik wêrd. Ek wens *Ons Klyntji* en syn ouers 'n gelukkige nuwe jaar." Neef H. C. Boshoff het fer my 10s. gestuur fer 'n nuwejaars persent, met 'n gediggi daarby, wat ek elders opneem. Baing danki, frinde! Ek denk ek sal al di persentjiis in myn spaardosi goi en fer myn pa fra om op myn eerste ferjaardag fer my 'n mooie nuwe pakki klere te koop; want ek groei al uit myn jurki uit.

'n Neef wat ek liwers ni sal noem ni stuur 'n gedig "Goeie Raad," o'er 'n man wat "leef en

geef so listig as 'n slang." Mar di neef moet ons tog ni kwalik neem ni, syn gedig is 'n soort fan persoonlike paskewel, en ek wil tog ni graag enige mens beledig of seer maak ni. Dan word ek mar gehaat, en ek wil tog liwers bemind wees as gehaat.

Oom L. C. Taljaard stuur fer my 'n mooie stori fan 'n sê-skulpad, na anlyding fan wat oom Paul gesê het, dat jy 'n skulpad eers syn kop moet laat uitsteek foor jy dit kan afkap. Dis 'n mooie stori, wat seker met genoeg sou geles worde; mar nou het myn foogde mos besluit dat ek gen *godsdiens* of *politiek* moet opneem ni en dis 'n polike stori, daarom kan ek dit nou tot myn spyt ni opneem ni.

Di onderskyd tussen Begin en Ynde.

II. DI AFSKYD FAN DANI EN KATO.

WOENSDAG skrywe Dani fer Kato en Saterdag het sy di briif; mar toen was sy al weer op 'n ander dood ferliif en gé hom toen di sak.

Di briëf wat hy fer haar geskrywe het was soos hiir folg:—

Rheboksplaats, 7/5/96.

Miss Kato Eloff.

Hooggeachte Frindin!—Di liifde het my gedruk om jou te fra om met my di lewenspad te bewandel. Ek sal jou hou as myn enigste pand, so lank ek leef. Antwoord my tog nou spoedig. Met di groete fan jou nooit fergetene friid,

DANI DE WET.

Haar antwoord was:—

Boerboksfontein; 15/5/96.

Mnr. D. De Wet,

Jou letters fan di 7 de het ek gekry, en jy fra kort af, daarom moet ek jou kortaf antwoord, en dit is: Myn wil kom ni met jou wil o'ereens ni, en is dus *né*.

Jou Frindin,

K. ELOFF.

Toen hy di brief gekry het, was hy uit syn humeur en wou net slaan al wat foor hom kom; en hy sê toen di aand fer syn maat: "Di afgedankte mysi het my di sak gegé; mar ek sê jou, sy sal so uitbak, net soos 'n baksteen. Ek zal nou by 'n ander perbeer."

DEELHEBBER.

“ Ons Klyntji ” in 1897.

Frinde, kom, en hoor nou aan
Hoe dit met *Ons Klyntji* gaan.
Hy bly tog al te lank tyd weg,
En ons ferlang, dit is ni reg.
Kom, frinde, kom ons maak nou saam,
En dan maak ons *Ons Klyntji* skaam.
Kom, ons sal nou 'n plan perbeer,
En gé elkeen 'n siling meer,
En stuur dit almal op fer hom,
En fraag hy moet tog gouer kom.
Met ongeduld bly ek hom wag,
Partykeer tot in middernag.
Want kom hy hiir, so slag op slag
Laat hy fer ons net lekker lag.
Daar is altyd mos grappiis in,
En dit is so reg na ons sin.
Kom, laat ons nog 'n jaar perbeer ;
Ons Klyntji gé nog storiis meer.
Ons siin mos hy word aldag slim,
En hoe hy al dag hoger klim.
Kry ek hom is ek soms so bly,
Dat 'k sommar uit di pad uit ry ;
Want ek kyk na 'n mooie stuk,
So had ek haas 'n ongeluk.
En daarom hoop ek dese jaar
Maak hy meer grappiis fer ons klaar.
Ons sal hom dan op nuut ferwag,
Dat ons kan lees en lekker lag.

C. KUHN.

Kenhardt.

Nuwjaarsgifte ber di Gedenkskool.

(Spesiaal ver di opvoeding van arme kinders).

			£	s.	d.
Froeger al erkend	...	...	24	0	10
A. H. de Bruyn en familie,	Victoria W.	...	0	1	0
D. L. Ehbers	do.	St. Helena	0	10	0
M. D. J. Venter	do.	Colesberg	0	4	6
F. D. v. d. Merwe	do.	Barkly Oost	0	8	6
L. J. du Toit	do.	Lichtenburg	1	0	0
B. Grové	do.	Heilbron	0	17	3
C. J. Nel	do.	Queenstown	0	9	6
G. J. R. Nel	do.	Ermelo	0	14	0
J. G. Potgieter	do.	Utrecht	1	2	0
P. W. Jordaan	do.	Utrecht	0	5	9

J. v. Vuuren	do.	Strydenburg	...	0	2	0
Jac. Gräbe	do.	M. W. Stroom	...	1	0	0
James Enslin	do.	Middelburg	...	0	10	0
J. A. Vermeulen	do.	Worcester	...	0	15	0
P. Loots	do.	Britstown	...	5	0	0
Is. Theron	do.	Murraysburg	...	1	3	6
J. N. Botha	do.	Klaarstroom	...	0	5	0
B. J. Badenhorst	do.	Strydenburg	...	1	10	0
M. v. Niekerk	do.	Brakkies	...	0	6	0
P. A. Venter	do.	Ventersburg	...	0	15	0
J. H. du Toit en						
P. J. Wiid	do.	Hopetown	...	0	18	0
J. M. Fourie	do.	Philippstown	...	0	17	0
L. W. Erasmus, en famili,		Aberdeen	...	2	2	0
J. H. Schoeman,	do.	Schoemansdp.	...	2	12	0
D. J. Conradie,	do.	Beaufort West	...	0	10	0
D. W. Schoeman,	do.	Dordrecht	...	1	0	0
S. P. Malan,	do.	Volksrust	...	1	10	0
A. C. Lombard	do.	Junctiondrift	...	0	6	0
D. Geldenhuys,	do.	Venterstad	...	0	5	0
W. P. H. Maré,	do.	Adelaide	...	0	5	0
G. P. Meyburgh,	do.	Aliwal Noord	...	0	2	3
J. A. Kotzé,	do.	...	...	0	11	0
S. P. Grobler,	do.	Waterberg	...	3	10	0
I. E. Stegman,	do.	Pretoria	...	0	10	0
G. Kruger,	do.	Middelburg	...	0	4	6
B. G. du Plessis,	do.	Pretoria	...	1	8	0
B. J. Kloppers, Jr.	do.	Ladysmith	...	0	12	0
W. J. Rossouw,	do.	Prins Albert	...	0	1	0
J. W. v. d. Vyver en do.		Ladysmith	...	0	10	0
Z. B. Grové,	do.	Brits Town	...	0	10	6
P. J. Malan,	do.	Kimberley	...	0	6	0
W. J. J. Botha	do.	Seymour	...	0	5	0
P. J. v. d. Westhuy-						
zen	do.	Pearston	...	0	5	9
G. D. Kotzé,	do.	Christiana	...	0	1	6
J. S. Davel en	do.	Ermelo	...	1	7	6
L. J. Nel,	do.	Vrijheid	...	0	10	0
S. W. P. v. d. Merwe do.		Sutherland	...	1	6	0
D. J. v. d. Merwe en do.		Heilbron	...	0	14	6
B. J. v. d. Merwe	do.	Heilbron	...	1	3	0
F. J. Strauss, en	do.	Barkly West	...	1	10	0

£66 13 4

Per P. Maritz gecollecteerd (frye gifte) ... £2 12 6
Op de Paarlische Tentoonstelling van ver-
versings en vruchte ... £5 14 10
Mense wat met Nuwejaar versuim het, kan altyd
nog ver di doel by dra.

Klaagliid. *)

Andante doloroso.

ô Flugtige tyd, wat ski-lik weg glyd, myn

smarte kan jy ni ge-nees ni! Fer-do-wen-de tyd, wat

al-les laat slyt! Gen Troos-ter fer my kan jy wees ni.


ô Dorre Woestyn!
 Di trane fan myn
 Hoef jy ni tot rose te groei ni.
 Rol foort, Kliprifliir?
 Fer my tot pelsiir
 Hoef jy ni so saggies te floei ni.

Wyk, fryers, fan my!
 Want jul flyery
 Kan tog nooit myn hart meer bekoor ni.
 Hoe mooi jul oek praat,
 Dit sal tog ni baat;
 Myn hart sal tog nooit daarna hoor ni.

Myn hart! blyf mar seer!
 Dis wat ek begeer...
 Laat nooit tog di wonde genees ni!
 Di pyn is myn lus
 Tot hy my weer kus
 Wil ek tog getroos ni weer wees ni...

RIJTUIGEN

TE KOOP BIJ
G. MALHERBE & CO.,
PASTORIE LAAN, PAARL.



Goed droog hout gewaarborgd.

CATALOGUSSEN TE BEKOMEN OP AANVRAAG.

TUIGEN.

HET geëerd publiek gelieve kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder, netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M. D. GOBREGTS, Noorder Paarl.

DE * VILLIERS * & * CO.,

"Spes Bona Huis,"

PAARL, MODEMAAKSTERS, ENZ.,

DRESSEN EN MANTLES naar de nieuwste Mode Netjes en *Eerste klas* gemaakt.

HOEDJES EN HOEDEN met smaak opgemaakt.

BRUIDS EN ROUW DRESSEN onverbeterlijk.

N.B.—Goed werk gewaarborgd.

Vraag om Monsters en Maat vormen, maar vergeet toch niet "SPES BONA HUIS" bij het adres te plaatsen.
Telegrafisch Adres:—"ACORN."

"Ons Klyntji,"

2de JAARGANG (No. 1, MAART 1897).

ERSTE AFRIKAANSE MAANDBLAD met Printjiis, en bevat mooi Afrikaanse Storiis, Gedenkstukke en Verhale uit ons Geskiedenis, Afrikaanse Gedigte met Musiik, eenvoudige Praatjiis o'er Wetenskappelijke Sake, 'n Verhaal o'er di Koningin van Skeba, hoe sy by Salomo gaan kuier het, ens., ens., aller interessants. Prys 4s. per jaar. **FOORUIT BETAALBAAR.**

Nuwe Intekenaars moet hulle Adresse tog *duidelik* en *folledig* opge, en di 4s. insluit in di briif. Elkeen wat ons 12 of meer Nuwe Intekenaars stuur, met di Intekeningsgeld same, kry "O. K." 'n folle Jaargang, *feruit*. Posseels fan di naburige State en Transfaalse geld kan ons hiir ni gebruik ni. Dus so min molik daarmé betaal. Poswissels is di fyligste en beste betaalmiddel.

LET OP!—Di prys fer di 2de Jaargang blyf mar 4s., (dis tog goedkoop!) mar dan reken ons daarop dat dit dan oek stellig *fooruit* sal betaal worde, daar "O. K." anders ni frymoedighyd het om hulle te besoek ni.

H. J. WIDEMAN, Aberdeen, stuur 'n persent. fer *Ons Klyntji*, 2s. 6d.

NOU FAN DI PERS:

AFRIKAANSE Spel- en Leesboek

DEUR

OOM * WILLEM.

PRYS: per Pos 3d.; per Dosyn 2s. 6d.

TE KRY BY

**D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,
PAARL.**



❖ **LLOYDS & CO.,** ❖

40 BURGSTRAAT, KAAPSTAD,

Infoerders fan Ferbeterde Landbou Gereedskap en Masineri.

DI ENIGSTE SUID AFRIKAANSE AGENTE VOOR:

Olivier Harde Staal Ploege Co.'s Wereld Beroemde Ploege.

Deering Pony Selfbinders en Maaiers met Draadrollen Draggers.

Lloyds' Aermotor Windmeule en Pompe.

Di Planet Jr. Wingerd Ploege en Cultivators.

Lloyds' Crown Brand Fynste en Beste Blom fan Swawel, bewese deur di Regerings Ontleedkundige di beste Swawel te wees wat ooit in Suid Afrika verkoop is. Kyk rapport in di "Landbou Journaal" fan 6 Dec. 1894.

Di Reus Cultivator en Graan Saaier.

Garrett & Sons' Dorsmasiins, ens., ens.

INFOERDERS FAN:

Baal Presse, Foer Masiins fer Hand- en Stoomkrag.

Wynpompe en Sproeipompe om Insekte dood te maak.

Gebuige Spring Band en Lever Egge, Land Rollers.

Wan (Koorn) Meule, Slypsteene, Saad Saaiers.

Roomafskyders, Karns en Botter Werkers.

Aardappel Uithalers, Aardappel Planters, Saaimasiins.

Omheinings Draad, Netdraad, Omheinings Pale.

Grawe, Skoffels, Mis- en Hooi Furke.

Gegalfaniseerde Netdraad fan Spesiale Kwaliteit.

Singers Naai Masiins.

Koper en Yster Ledekante.

Amerikaanse Rytuige, Buggies, Karre en Spiders, ens., ens.



LLOYDS & CO.,

40 BURGSTRAAT,

(TEENOE'R DI BRANWEER STASI)

KAAPSTAD.

